# LAERSKOOL KOLLEGEPARK

## BELANGRIKE INLIGTING VIR KWARTAAL 2: 2026

*Nuusbrief: 9 April 2026*

Geagte Ouers en Voogde

Welkom in die tweede kwartaal. Baie dankie aan elke ouer en leerder vir 'n suksesvolle eerste kwartaal. Julle ondersteuning, toewyding en samewerking het 'n positiewe verskil gemaak, en ons waardeer dit opreg.

Ons is trots op ons atlete wat aan die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe deelgeneem het en uitstekende prestasies behaal het. Emma de Clercq het 'n silwer medalje in die 1200 m verower. Franna van der Westhuizen het ook 'n silwer medalje in die 1500 m behaal en verder 9de geëindig in die 800 m-finaal. Ons sê baie geluk aan hierdie atlete met hul besonderse prestasies op nasionale vlak.

Ons onlangse rugbytoer na Jubaweni was 'n groot sukses en 'n belewenis wat nog lank onthou sal word. Van die eerste afskop tot die laaste oomblik het ons spelers nie net hul vaardighede op die veld gewys nie, maar ook ware spangees en trots in ons skool uitgeleef. Die gees onder die spelers was uitstekend en die ondersteuning langs die veld het 'n besondere bydrae gelewer tot die algehele ervaring. Buiten die rugby het die toer ook waardevolle herinneringe, nuwe vriendskappe en lewenslesse geskep. Ons is ongelooflik trots op elke speler wat deel was van hierdie besondere toer.

Ons skool sien met groot opgewondenheid daarna uit om die Super 12 op 11 April 2026 aan te bied. Hierdie sportdag beloof om 'n hoogtepunt te wees waar talent, spanwerk en goeie sportmangees gevier word. Sterkte aan al ons netbal- en rugbyspanne – ons is trots op julle!
Ons nooi alle ouers en ondersteuners uit om die dag saam met ons te geniet. Toegang is R30 per persoon soos deur Super 12 vasgestel. Laerskoolleerders geniet gratis toegang. Kaartfasiliteite is beskikbaar.
Parkering is in Hans van Rensburgstraat. Karwagte is gereël. Ons sien uit daarna om julle hier te verwelkom!

Ons nooi alle ouers hartlik uit na ons Ouermiddag wat plaasvind op Maandag, 13 April van 16:00 tot 17:30. Hierdie geleentheid bied aan ouers die ideale kans om met onderwysers te gesels oor hul kind se vordering en welstand. Parkering sal in Hans van Rensburgstraat beskikbaar wees.

Ons sien uit na ons Pretletiekdag (Opedag) wat op 13 Mei plaasvind. Hierdie geleentheid is vir kinders wat 4 - 7 jaar oud sal wees in 2027, en beloof om 'n middag vol pret en opwinding te wees waar ons jong maats op 'n speelse manier aan verskeie aktiwiteite kan deelneem. Almal is welkom om saam met ons die middag te geniet en deel te wees van die feestelike atmosfeer. Registrasie open om 16:30, en die aktiwiteite vind plaas van 16:45 tot 17:45. Ons sien uit daarna om ons toekomstige Kollegeparkers te verwelkom. Kollegepark – die skool vir jou!

Die tweede kwartaal is propvol aktiwiteite en sluit ook 'n formele eksamen in. Om u beplanning te vergemaklik, deel ons graag 'n paar belangrike datums.

Powered by CamScanner

**ALGEMEEN**

- 13 April: Ekstra leesklasse begin; Scratch begin
- 13 April: Ouermiddag Gr.R–7
- 30 April: Koekverkoping Gr.6
- 6 Mei: Gr.3-uitstappie
- 9 Mei: Skooldans
- 13 Mei: Pretletiek (Opedag)
- 14 Mei: Hemelvaart
- 27 Mei: Produksie 2000
- 4 Junie: Boekuitstalling
- 5 Junie: Boekuitstalling; Koekverkoping Gr.3
- 8 Junie: DBV-insameling
- 24 Junie: Fotodag; Gr.RR & R instappie

**KULTUUR**

- 17- 18 April: ATKV-Redenaars
- 29 – 30 Mei: Super 12-Koor

**SPORT**

- 8 April: Skaakliga: DF Malherbe
- 9 April: Rugby: Vanderbijlspan Proewe
- 10 April: Netbal: DF Aandreeks o.12B + o.13B; Mini-rugby en -netbal (Vaalpark); Rugby: Vanderbijlspan proewe
- 11 April: Super 12: Rugby en Netbal Groepwedstryde (T)
- 14 April: Super 12: Rugby en Netbal uitspele (Groep B – TUKS)
- 15 April: Skaakliga: KP
- 16 April: Netbal Liga: Volkskool (W), Rugby: Finale Sedibeng proewe
- 21 April: Netbal Liga: Risiville(T); Rugby Superliga: KP vs Risiville
- 22 April: Skaakliga: Emfulenipark
- 24 – 25 April: Rugby: Valke: Finale Proewe
- 27 April: Netbal: GSN Finale Proewe
- 28 April: Netbal Liga: Midvaal (W)
- 29 April: Skaakliga: DF Malherbe
- 30 April: Rugby Superliga: Midvaal vs KP
- 5 Mei: Netbal Liga: Vryheidsmonument(W)
- 6 Mei: Skaakliga: KP
- 7 Mei: Rugby Superliga: KP vs DF Malherbe
- 8 Mei: KP Mini-sportdag
- 12 Mei: Netbal Liga: DF Malherbe (T); Rugby Superliga: Loslootjie
- 13 Mei: Skaakliga: Vaalpark
- 15 Mei: Super 12 Skaak; Mini-sportdag: DF Malherbe; Netbal C-span toernooi
- 16 Mei: Super 12 Skaak
- 19 Mei: Netbal Liga: Emfulenipark (T); Rugby Superliga: Volkskool vs KP
- 21 Mei: Rugby Superliga: Vryheidsmonument vs KP
- 26 Mei: Netbal Liga: Eligwa (W)
- 28 Mei: Rugby Superliga: KP vs Vaalpark
- 29 Mei: Mini-netbal Curro
- 30 Mei: Mini-rugby en -netbal: Lumier

Powered by CamScanner

- 3- 4 Junie: Rugby: Valke Sedibeng semi-finaal
- 5 Junie: Mini-sportdag: Vaalrivier; Netbal Sedibeng uitspele (Transvalia)
- 6 Junie: Netbal Sedibeng uitspele (Transvalia)
- 10 Junie: Rugby: Valke Sedibeng finaal
- 11 Junie: Mini-rugby en -netbal prysuitdeling
- 19 - 21 Junie: Hokkietoer o.13

**ASSESSERING (VOORLOPIG)**

- 11 Mei: Grondslagfase: Deurlopende assessering begin
- 25 Mei: Tegnologie (Gr.7)
- 26 Mei: SW Geografie (Gr.4 – 7)
- 27 Mei: EBW (Gr.7)
- 28 Mei: NW (Gr.4-7)
- 1 Junie: SW Geskiedenis (Gr.4–7)
- 2 Junie: Wiskunde (Gr.4-7)
- 3 Junie: Afrikaans (Gr.4–7)
- 4 Junie: Engels (Gr.4–7)
- 5 Junie: Grondslagfase: Deurlopende assessering eindig
- 8 Junie: PSW (Gr.4–7)
- 9 Junie: Kuns (Gr.7)

Ons waardeer die ouers wat hul skoolfondsverpligtinge reeds nagekom het. Ons herinner u vriendelik daaraan dat skoolfonds maandeliks vooruit betaalbaar is.

Sterkte vir die tweede kwartaal. Mag hierdie kwartaal vol sukses, groei en nuwe geleenthede wees. Kom ons maak dit 'n kwartaal om op trots te wees.

Kollegepark-groete

**MNR.C.F.HERBST**
Hoof

Powered by CamScanner